HESSEQUA MUNISIPALITEIT

VAKATURE

Die Munisipaliteit van Hessequa benodig die dienste van ‘n geskikte persoon in die volgende vakature:

*** Kettingsaagoperateur - Riversdal**
R230.00 per dag
Tydelike kontrak: 04 Oktober 2021 tot 30 September 2022

Vereistes: Graad 9 (Moet kan lees en skryf) • In staat wees om in gure weersomstandighede te werk • Kettingsaagoperateurssertifikaat • Kennis van inheemse biodiversiteit, asook een jaar ondervinding in ’n soortgelyke posisie, sal as aanbeveling dien.
Pligte: Uitroei van uitheemse plantegroei in reservate en munisipale grond • Erosiebeheer in natuurreservate en staproetes • Instandhouding van voetpaaie, infrastruktuur, asook braaiplekke • Konstruksie van rivierbeheer infrastrukture • Stabiliseer duine.

*** Hierdie is ’n tydelike kontrak en nie ’n permanente aanstelling nie.**

Die Munisipaliteit van Hessequa is 'n gelyke geleentheid werkgewer en moedig persone met gestremdhede, asook persone vanuit voorheen benadeelde groepe aan om aansoek te doen om betrekkings.

Instruksies aan aansoekers:

‘n Munisipale aansoekvorm moet elektronies aan jonika@hessequa.gov.za versend word. Hierdie is die enigste e-pos adres wat aansoeke sal aanvaar. Aansoeke wat elektronies ingedien word, mag nie 4MB oorskry nie. Aansoekvorms kan ook per hand by enige Hessequa Munisipale kantoor afgelewer word of aan Menslike Hulpbronne, Posbus 29, Riversdal, 6670, versend word. Slegs aansoekers wat aan die minimum vereistes voldoen, soos geadverteer, sal oorweeg word. Aansoekvorms moet volledig voltooi word. ‘n Curriculum Vitae kan addisioneel aangeheg word. Afskrifte van kwalifikasies wat verlang word, moet die aansoek vergesel. Navrae moet aan die kontakpersoon soos per advertensie, gerig word. Geen aansoeke wat na die sluitingsdatum ontvang word, sal oorweeg word nie. Daar sal van die gekortlysde kandidate verwag word om 'n praktiese assessering te ondergaan. Aansoekers wat nie binne 30 dae na die sluitingsdatum deur die munisipaliteit gekontak word nie, moet hul aansoek as onsuksesvol beskou. Die werkgewer behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

Sluitingsdatum : 16 Augustus 2021

Kontakpersoon: Mev J Jansen by 028 713 8008